Laerskool Mikro

# Handboekwerk:

# Donderdag 7 Mei 2020

## Lees 'n kortverhaal – Bladsy 64 tot 65

## Teks 1: 'n Kortverhaal

Lees die volgende storie aandagtig.

Die inleiding van die storie: begin met 'n vraag.

Karakters in die storie: twee broers

Die gebeure (intrige) in die verhaal: die broers moet vir olifante vlug.

Gebruik van uitroeptekens en kort sinne laat die spanning in die verhaal opbou.

Die agtergrond (tyd en ruimte) van die storie: dit is vakansie en die broers is al vroeg in die veld op 'n plaas langs die Elandsrivier.

Die eenwoordsin help spanning wek.

### Om die bos gelei

"Het jy dit gehoor, Stoffel?" My broer se oë is groot.

"Daar is dit weer. Oorkant die rivier. Hoor jy dit?"


Ek raak bekommerd.

"Wat?" vra ek.

"Sjuut. Daar is dit weer! Hoor jy dit?"

"Nee. Wat is dit?"

My broer draai sy kop skuins om beter te hoor. Ek hou niks van die klank in sy stem nie. Ek voel hoe **die angs my beetpak**.



"Wat is dit, man?"

Ek is nou erg benoud. My broer se oë is verskrik.

"Dis olifante! Kom! Ons moet maak dat ons wegkom!"

Hy skop sand oor ons braaivleisvuurtjie langs die rivier. Hy gooi ons broodjies en wors in sy rugsak. Met een sprong is hy in die rietbos in.

"Stoffel! Kom! Kom vinnig!"

My knieë is lam van vrees. Ek probeer opstaan, maar val.

"Marius! Wag vir my, man! Waaaag!"

Hy pluk my op en sleep my teen die sandwal uit.

Ek is ses jaar oud en hy is twaalf. In vakansietye is ons gewoonlik al **douvoordag** in die veld. My ma het vir ons broodrolletjies en 'n stukkie wors om te braai, ingepak. Ek sien altyd baie daarna uit om saam met my ouboet rivier toe te gaan, hier op ons plaas langs die Elandsrivier. Ons was net reg om die wors te braai, toe my broer die olifante hoor.

Nou vlug ons die rante in. Ek voel nie eers die klippe onder my kaalvoete nie. My broer los my arm en wip soos 'n duiker voor my uit oor die klippe om te kyk waar die olifante is.

"Vandag vertrap hulle ons nog!" skree hy.

"Marius, wag vir my!" kerm ek.

Ons draf in 'n klofie af. Uitasem. Ek kry my asem terug en vee die trane af. My broer kyk my ernstig aan.

"Ek dink ons is nou veilig," sê hy.

Hy knipoog vir my en glimlag breed en weereens besef ek dat hy my **geflous** het. Natuurlik is hier nie meer olifante nie. Die laaste olifante is seker meer as 'n honderd jaar voor ons koms al uitgewis om plek te maak vir plase.

"Ek gaan vir Ma sê ..."

Einde van die verhaal: 'n verrassing.

## Post-lees: Verstaan die teks

1. Hoe het jy die storie beleef? Kies een van die volgende woorde en gee 'n rede vir jou antwoord:
   a) vervelig  b) spanningsvol
   c) interessant  d) onwaar
2. Met watter woorde sal jy die plek waar die storie afspeel beskryf?
3. Watter deel van die verhaal is jou gunstelingdeel? Gee 'n rede vir jou antwoord.
4. Marius word met 'n duiker vergelyk as hy oor die klippe wip. Met watter dier(e) sou jy Stoffel kon vergelyk en hoekom?
5. Dink jy dit is reg dat 'n ouboet so 'n poets vir sy boetie bak?
6. Hoe weet ons dit is nie die eerste keer dat Marius vir Stoffel 'n poets gebak het nie?
7. Skryf twee uitroepsinne en twee vraagsinne uit die storie neer.

**WOORDESKAT**

**die angs my beetpak –** baie bang word

**douvoordag –** baie vroeg in die oggend; voor die son opkom

**geflous –** uitgevang, uitoorlê, gekul



*'n Duiker*

## Taal in konteks

1. Skryf elke sin se onderwerp, gesegde en voorwerp neer:
   a) Ek voel nie die klippe nie.
   b) My broer los my arm.
   c) My ma het 'n stukkie wors ingepak.
2. Gee die meervoud en verkleining van:
   a) ma  b) foto
   c) kloof  d) oog